Lees vir genot 11

# Lees hoe mense verskillende gevoelens uitdruk

1. Lees die storie wat volg.

## Gevallestudie

David is nege jaar oud en woon in Johannesburg met sy tannie en ouma. Hy is'n weeskind omdat hy nie ouers het nie. Sy ouers is albei as gevolg van Vigs oorlede toe David ses jaar oud was.

David was baie ontsteld toe sy ouers oorlede is en hy mis hulle erg. Laat in die nag lê hy in sy bed en dink aan die tye vol pret wat hulle saam geniet het. Hierdie herinnerings maak David baie hartseer en alleen en soms is hy baie jaloers omdat sy vriende se ouers nog leef. David word ook gefrustreerd en kwaad met sy vriende omdat hulle nie verstaan hoe hy voel nie.

David is dankbaar dat sy tannie en ouma vir hom sorg en bederf wanneer hulle 'n bietjie ekstra geld het. Hulle koop vir hom grapboeke wat hom laat lag en opgewek voel. Hulle drie bring soms tyd saam deur en lag en speel speletjies – dit maak David weer baie gelukkig.


*David is dol oor grapboeke*

David sal egter maar altyd hartseer wees oor die verlies van sy ouers. Hy sal hulle altyd mis, maar hy het ook al geleer dat hy homself geluk moet gun en dankbaar wees vir wat hy wel het, anders sal hy baie mismoedig word en verbitter teenoor ander mense.

2. Lees die storie nog 'n keer.
3. Skryf nou David se emosies neer.